# DIE FONTEIN

## OUD GEREFORMEERDE KERK ~ FEBRUARIE 2025



Openbaring 21:6

**"En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet."**

# MAANDAG KATKISASIE.

(Bernardus Smytegelt.)

## Die Saligmakende kennis van God.

---

**Vraag:** Het God se volk wel die verlange om Hom met hul siel en liggaam in die opstanding te verheerlik?

**Antwoord:** Ja! Ons lees, in Job. 19 vers 25 – 27:

**"Maar ek, ek weet: My Verlosser leef; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan. En nadat hulle so my vel afgeskeur het, sal ek nogtans uit my vlees God aanskou; Hom wat ék sal aanskou my ten goede, en my oë—en geen vreemde nie—sal sien, My niere versmag van verlange in my binneste."**

Dit is soos iemand wat 'n innerlike verlange in die hart ervaar, soos die Apostel Paulus, in die woorde van 2 Kor. 5 vers 2 en 3:

**"Want om hierdie rede sug ons ook en verlang om met ons woning uit die hemel oorklee te word, as ons ten minste gekleed en nie naak bevind sal word nie."**

Tot hierdie grote dinge wat Sy uitverkorenes in die hart ervaar het God Middele en Weë gegee om die versekering in die hart te ervaar sodat die allergrootste sondaar nie sal sê: "Daar is geen hoop vir my nie!"

**Vraag:** Wat is hierdie Middele en Weë?

**Antwoord:** Dit is om God reg te ken en te dien soos wat Hy in Sy Woord beveel.

**Vraag:** Is dit 'n Middel tot behoud van die uitverkore geslag, 'n Middel om God in Gees en in Waarheid te ken?

**Antwoord:** Ja! Joh. 17 vers 3:

**"En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het."**

Indien God aan Sy uitverkorene die allernoodsaaklike kennis gee, dan herstel Hy die verlore Beeld weer in hulle; die Saligmakende kennis is 'n Gawe in die Genadeverbond.

**Vraag:** Is daar ook 'n ewige behoud vir die uitverkorenes om God reg te dien?

**Antwoord:** Ja! Die Godsaligheid is 'n groot gewin, sê die Apostel Paulus. Daar is slegs een van die twee weë om te bewandel, want al het ek al die kennis en ek het nie die liefde nie is ek niks, volgens die getuienis, in 1 Kor. 13 vers 2:

**"En al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie."**

Met die allergrootste kennis kan die mens verlore gaan.

**Vraag:** Maar sou die mens nou alleen in die Godsvrug volhard en hy het geen kennis nie, is dit genoeg?

**Antwoord:** Nee, dan sal die mens homself in sy eiegeregtigheid verhef. Die Here Jesus roep tot Sy dissipels, in Joh. 13 vers 17, en Hy sê:

**"As julle hierdie dinge weet, salig is julle as julle dit doen."**

Die ware Godsvrug ontspruit vanuit die Krag van die Woord en Gees.

(vervolg.)

---



# DIE INSTITUSIE.

(Johannes Calvyn.)

## ONDERWYSING IN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS

### Hoofstuk 2.

***Wat dit beteken om God te ken en waartoe die kennis dien.***

Onder die kennis van God verstaan ek alles wat ons aangaande Hom behoort te weet, wat tot sy eer dien en wat vir ons nuttig is. Waar hierdie kennis van God nie gevind word nie, daar is geen godsdiens en ook geen godsvrug nie. Ek spreek dus nog nie oor die kennis van God waardeur ons Hom in die Middelaar Christus as Verlosser aanneem nie, maar van die eerste kennis waartoe ons sou geraak het as Adam nie in die sonde geval het nie. Want dit is een saak om te bely dat God ons Skepper is wat ons deur sy voorsienige bestel lei, deur sy goedheid onderhou en ons alle seëninge skenk en ’n ander om die genade van versoening in Christus te omhels.

God openbaar Hom dus eers as Skepper in die formering van die wêreld en daarna as Verlosser in Christus. Hieruit vloei voort ’n tweeledige kennis van God, oor die eerste waarvan dan nou gehandel moet word. Die ander deel sal op sy beurt volg.

Ons kan ons met die oordenking wie God is, nie besig hou sonder om Hom ook te dien nie. Tog is dit nie genoegsaam om te weet dat Hy die enigste God is wat deur almal gedien en aanbid behoort te word nie. Ons moet daarby ook die oortuiging hê dat Hy die bron is van alles wat goed is, sodat ons alleen in Hom alles sal soek.

Dit is my opvatting, nie alleen omdat Hy hierdie wêreld, wat Hy geformeer het, nog deur sy oneindige mag onderhou, deur sy wysheid bestuur, deur sy goedheid in standhou en die menslike geslag met sy geregtigheid en oordeel regeer en in sy barmhartigheid verdra nie, maar ook omdat daar geen greintjie van wysheid of van regverdigheid of van waarheid onder die mense gevind word wat nie van Hom afdaal en waarvan Hy nie die oorsprong is nie. Van Hom moet ons dus dit alles met danksegging begeer. Hieruit word die godsdiens gebore. Dit wil sê liefde tot God verbind met eerbied vir Hom. Want dan eers onderwerp die mens hulle in vrywillige gehoorsaamheid aan God as hulle gevoel dat hulle alles aan Hom verskuldig is, dat hulle deur sy vaderlike sorg gekoester word en dat Hy vir hulle die bewerker is van alles wat goed is.

2. Die wat hulle dus besig hou met die beantwoording van die vraag wat God is, vermaak hulle maar met blote bespieëlinge. Daar is vir ons veel meer aan geleë om te weet hoedanig Hy is en wat met sy natuur in ooreenstemming is. Want wat baat dit ons om ’n God te ken met wie ons verder niks te maak het nie? Die kennis van God moet die volgende in ons opwek:

- **In die eerste plek vrees en eerbied.**
- **In die tweede plek moet dit ons leer om alles wat goed is, van Hom te verwag en aan Hom toe te skrywe.**


Die gedagte aan God kan tog nie in ons opkom nie, sonder dat ons terselfdertyd bedink dat ons as sy skepsels, deur die reg van die skepping self, aan sy heerskappy toegewys en onderworpe is. Immers, ons is ons lewe aan hom verskuldig. Daarom moet alles wat ons doen, op Hom gerig wees. Sy wil is ons lewens wet. Daarom is ons aan Hom gehoorsaamheid verskuldig. Waar dit nie die geval is nie, verderf ons, ons lewe. Aan die ander kant kan ons Hom ook nie op die regte wyse waarneem nie, sonder om Hom te ken as die bron en oorsprong van alles wat goed is. Daaruit ontstaan dan die verlange om Hom aan te hang en op Hom te vertrou. Want die vroom siel dink nie maar vir hom een of ander God uit nie, maar

aanskou slegs die enige en waaragtige en is tevrede om Hom te hê só soos Hy Hom geopenbaar het.

As die vrome God so ken, vertrou hy Hom en gee hy Hom aan sy trou oor, omdat hy weet dat Hy alles bestuur. En omdat hy begryp dat God die bewerker van alle goeie dinge is, stel hy hom in alle tye van nood onder sy beskerming en verwag sy hulp van hom. Omdat hy oortuig is van sy goedheid en barmhartigheid, leun hy met ’n vaste vertroue op Hom en twyfel hy nie daaraan nie dat God in sy goedertierenheid altyd ’n geneesmiddel het vir al sy rampe. Omdat hy God ken as Here en Vader, ag hy Hom ook waardig om altyd op sy bevel te let; om op te sien tot Sy Majesteit; om sy gebooie te gehoorsaam en te sorg vir die verbreiding van sy eer. Omdat hy Hom ken as regverdige Regter, stel hy hom altyd sy regterstoel voor oë en weerhou hom daarvan om sy toorn op te wek. Hy omhels Hom as werker van die goddelose oor hulle boosheid maar ook as beloner van die ewige lewe aan die regverdiges. Boweal weerhou hy hom van die sonde, nie net uit vrees vir die hellestraf nie, maar omdat hy huiwer om God aanstoot te gee wat hy as Vader lief het en eer.

Die suiwere en ware godsdiens is dus geloof, verbind met ’n ernstige vrees van God. Laasgenoemde is ’n vrywillige eerbied verenig met ’n diens van God volgens sy wet. Dit moet hier bygevoeg word, omdat baie voorgee dat hulle God eer maar intussen Hom nie vrees nie. Dan is daar wel ’n groot vertoning deur seremonies, maar die opregtheid van hart word selde aangetref.

(vervolg.)



**’n Instrument in die Hand van die HERE te Wittenberg.**

# HOOFSTUK 2.

## G’n alte aangename jeug nie.

Een dag in November 1483 het daar in Eisleben in Sakse ’n arme berg werker, Hans Luther, op die vloer van sy eenvoudige woning eerbiedig voor God neergekniel. Hy het, so vertel, sy jongste seuntjie, ’n knapie van ’n paar dae oud, in sy arms gehad en die magtige gesmeek, dat hierdie kind, as hy later sy verstand sou kry, opreg op die weg van die lewe mag wandel.

Saam met sy vrou Margareta het Hans Luther rede tot groot blydskap gehad. God het op die tiende van die maand aan hulle hierdie kindjie gegee, wat reeds die volgende dag gedoop is, en hy is na die heilige van die dag “Maarten”, genoem.


Ses maande daarna het hulle in Mansfeld gaan woon, waar die knapie reeds vroeg na skool gestuur is. Dit was daar allesbehalwe aangenaam.

“Die meester” - so het Luther eenmaal self vertel - “was ’n tiran en die skool ’n tronk. Een oggend het ek vyftien maal agtermekaar pak gekry. As gevolg van die baie slaan, bewe, angs en jammer het ek daar so goed as niks geleer nie.

“Tuis het dit met my nie veel beter gegaan nie.” Op ’n sekere dag het my vader my so gestraf, dat ek hom ontwyk het en vir hom kwaad was, totdat hy stadigaan weer my vertroue gewen het. My moeder het my eenmaal so

hard geslaan oor 'n haselnoot wat ek weggeneem het, dat die bloed geloop het."

Tog was hulle brawe en godvresende mense, maar die hardheid was die gewoonte van die tyd. Hulle was bang dat hul Maarten anders 'n deugniet sou word. Daarby was die lewe vir hulleself ook nie so alte maklik nie. Deur swaar te werk moes hulle vir hulself, hul vier seuns en nege dogters die brood verdien. Terwyl vader die moeilike werk in die myne verrig, het moeder Margareta na die bos gegaan om daar hout bymekaar te maak. So moes hulle saam dag na dag hard swoeg om met hul groot gesin deur die wêreld te kom.




Hans Luther het gou gesien dat sy seuntjie Maarten besonder goed kon leer. Meester Emilius het hom nie net dikwels met die lat deurgeloop nie, maar behalwe lees en skrywe ook die tien gebooie, die twaalf geloofsartikels, die Onse Vader en enige liedere geleer. Reeds as jong seun het Maarten baie van lees gehou.

Toe sy vader dit sien het hy besluit, as hy kon, om van hom 'n geleerde man te maak. So het dit dan gebeur dat Maarten vir 'n jaar na 'n skool in Maagdeburg gegaan het, waar arm seuns kosteloos onderwys ontvang het, mits hulle sekere werkies in die kerk verrig het. Verder moes hulle deur by die huise van die stedelinge te sing hul onderhoud verdien. As hulle in die stad nie genoeg kry nie, het hulle na die naburige dorpe en plase gegaan.

“Toe ons,” het Luther eenmaal vertel, “teen Kersfees in die dorpe van huis tot huis gegaan, en vierstemmig, die gewone liedere oor die kind Jesus, wat in Betlehem gebore is, gesing het, kom ons naby ’n boerewoning, op die rand van die dorp geleë. Toe die boer ons hoor sing, kom hy na buite en vra met n growwe stem: “Waar is julle seuns?” en bring toe somaar ’n paar worse saam wat hy vir ons wou gee. Ons het vir sy stem egter so groot geskrik, dat ons almal weggehardloop het, omdat ons nie geweet het, dat die boer uit liefde vir ons die wors wou gee nie. Die boer het aangehou roep en ons het gewaag om, om te draai, en het die ryke gawe ontvang, wat hy vir ons bedoel het.”

In Maagdeburg het Luther eenmaal ’n hewige aanval van koors gehad. Ek weet nie deur watter mense hy toe verpleeg is nie, maar dit weet ek goed dat, hoe dors hy ook al was, hulle hom belet het om water te drink. Die mening was dat om water te drink as hy so brand van die koors vir hom noodlottig sou wees.

Op ’n Vrydagmiddag het al die mense in die huis kerk-toe gegaan en hom alleen tuis gelaat.

Maarten het g’n raad van dors geweet nie, en wat doen hy toe? Hy klim uit die bed en kruip omdat hy nie kon loop nie, op hande en voete na die kombuis. Daar staan ’n kruik vars water, wat hy somaar tot op die bodem leegdrink. Daarna sukkel hy weer terug en klim met moeite in die bed.

Na die verkwikkende drank het hy in ’n diepe slaap geval, en toe hy wakker skrik, het die koors hom verlaat. Die huisgenote het geskrik toe hulle sien wat die siek man gedoen het, maar was tog baie bly dat hy so onverwags beter geword het.

In die tussentyd het Luther se vader dit goed begryp, dat sy seun in Maagdeburg nie van die wind kon lewe nie, en het hom gevolglik in ’n Latynse skool in Eisenach gesit. Daar het nog familie van sy vrou gewoon, wat soos hy gehoop het, die seun kon ondersteun. Of die mense nou self te arm was of niks met hom te doen wou hê nie word nie deur die geskiedenis vermeld nie. In elk geval het hulle hul glad nie om sy ontwil uitgesit nie. Ook hier moes Maarten net soos in Maagdeburg, saam met sy maats sy brood bedel deur van huis tot huis op straat te sing.

Hoe treurig was sy lot as ons dit vergelyk met die van so baie kinders, wat, as hulle smiddags van die skool af kom, saam met Vader en Moeder aan ’n heerlike maaltyd kan deel en eet soveel as wat hulle wil! Maarten Luther het dikwels in plaas van ete net skeldwoorde ontvang.

Die tyd kon hy nooit vergeet nie.

Toe hy later ’n groot en beroemde man was, het hy eenmaal gesê: “Verag nooit die knape wat voor die deure deur te sing hul brood om Gods wil

moet bedel nie. Ek was ook ŉ arme bedelaar. En nou het ek deur middel van my pen dit sovêr gebring dat ek selfs met die groot Meneer nie van stand wil ruil nie. Tot hierdie hoogte sou ek ook nie kon geklim het as ek nie na skool gegaan en geleer skrywe het nie.

Hoe swaar dit ook al gegaan het, het Maarten in Eisenach reeds so goed geleer dat hy bo al sy maats deur sy groot talente uitgeblink het. Hy wou so graag lees dat hy selfs in die vakansie, wanneer die ander seuns huistoe gaan, op skool gebly het om die boeke in die biblioteek, wat hy nie mag meeneem nie, te kon bestudeer. Van lees alleen kon hy nie lewe nie, en moes dit onderbreek en op straat deur te sing sy kos verdien.

Maarten het ŉ pragtige heldere stem gehad, maar toe hy alleen gesing het, wou niemand na hom luister nie. In plaas van geld of brood het hy slegs harde en bittere woorde ontvang. Dit was vir die gevoelige seun te veel. Toe hy op Sint-Jorisplein kom, het hy voor die huis van ŉ welgestelde burger moedeloos bly staan terwyl die trane in sy oë opgeswel het.

"Sal ek dan," sug hy, "die leerdery moet laat vaar, deur die honger daartoe gedryf, en by my vader in Mansfeld se myne gaan werk?"

Nee, dit was nie die wil van God nie. Hy het die smart van die seun gesien en vir hom alreeds 'n vriendelike tuiste voorberei.

Meteens gaan die deur van ŉ pragtige huis oop en 'n dame van aansien kom na buite.

Dit is ŉ dame met die naam van Ursula Cotta, die eggenote van ŉ vername edelman, Coenraad Cotta. Sy het gesien hoe Maarten reeds by drie huise weggeja is. Sy herken hom, en het meermale al sy mooi stem in die koor gehoor en het innig medelye met hom.

"Kom binne, my seun," sê sy baie vriendelik.

"Jy het natuurlik honger. Gaan sit, dan sal ek gou vir jou iets smaakliks gaan klaarmaak."

Die woorde het vir die jonge Maarten soos musiek in sy ore geklink. Hoe bly was hy toe die vriendelike dame die heerlike kos vir hom klaargemaak het! Hoe groot sy honger ook al was tog het hy eers sy Hemelse Vader gedank, wat so goed vir hom gesorg het.

"Jamer," dink Maarten, "dat ek netnou weer alleen die strooisak bokant die skool moet gaan opsoek."

Die goeie dame het dit egter nie so bedoel nie. In oorleg met haar man het sy besluit om vir Maarten Luther in haar huis te neem en vir hom heeltemal te sorg. Van toe af kon hy eet en drink, sonder om eers te gaan bedel.

Het hy nie meer gesing nie? O ja, maar nou het hy dit gedoen om genot aan die vriendelike gasvrou te verskaf, want sy het baie van musiek en sang gehou.

Deur al hierdie voorspoed het Maarten vroliker en opgeruimder as vroeër geword. Hy het hard gestudeer, maar saans het hulle musiek op die siter en die fluit gemaak, terwyl hy daarby die pragtigste liedere gesing het. Die vier jare wat hy in die huis van Ursula Cotta deurgebring het, het tot die aangenaamste van sy lewe behoort. Toe die tyd om was kon hy toegelaat word tot die hoërskool in Erfurt en moes toe sy vriendelike gasvrou verlaat.

Dit het met sy vader ook geldelik baie beter gegaan, sodat die hom nou baie ruim ondersteun het. Maarten het egter nooit vir Ursula Cotta vergeet nie, wat met hom in sy jongelingsjare medelye gehad het.

Hy het later altyd met innige genoeë van sy skone stad Eisenach gepraat, waar sy jong lewe vir die eerste maal deur die liefde van Ursula vrolik en onbesorg geword het.

(vervolg.)

# PRESIDENT S.J.P. KRUGER



## WATERKLOOF: SY EERSTE PLAAS

Op 16 – Jarige ouderdom is Paul Kruger geregtig om vir hom ’n plaas uit te soek en hy gaan woon in 1841 aan die voet van die Magaliesberg op die plaas Waterkloof. Die volgende jaar trou hy met Maria du Plessis, ’n Vrystaatse nooi wat hy 20 uur vêr te perd moes gaan besoek aan die Renosterrivier in die Vrystaat.

Die twee jongmense trek saam met Casper Kruger na Potgieter se nuwe aanleg, Ohrigstad en dit was tydens hierdie verblyf dat Paul Kruger, in 1845 aan die Spekboomrivier in die Lydenburgse distrik sy linker duim verloor het toe sy geweer gebars het terwyl hy renoster gejag het. Hy het in latere jare self vertel hoe hy met ’n mes die verbryselde been uitgeslag het en in die Krugerhuis is ’n mes te sien wat (na bewering) by die geleentheid gebruik is. Kruger was in sy jongdae ’n kranige jagter en het aan die einde van sy lewe meegedeel dat hy afgesien van seekoeie en renosters, tussen 30 en 40 olifante geskiet het en baie leeus – die eerste leeu toe hy 14 jaar oud was.

In 1846 is sy eerste vrou na hulle terugkeer in Rustenburg oorlede en terselfdertyd ook die eersteling seuntjie. Hy is in 1847 weer getroud, hierdie keer met Gezina Suzanna Frederika Wilhelmina du Plessis, ’n niggie van sy eerste vrou en oorspronklik uit Burgersdorp in die Kaapkolonie. Sy was die lewensgesellin van Paul Kruger tot haar dood in 1901. Uit die huwelik is sewe dogters en nege seuns gebore, van wie verskeie vroeg oorlede is.

## KRUGER TREE OP DIE VOORGROND

Reeds in 1846 was Paul Kruger as waarnemende veldkornet op Potgieter se ekspedisie teen die Bapedi-hoof, Sekwati. In 1852 vergesel hy Andries Pretorius na Sandrivier by geleentheid van die ondertekening van die Sandrivier-konvensie en later in die jaar neem hy as veldkornet aan nog ’n ekspedisie teen Sekwati deel. In 1853 vind ons hom weer op die wesgrens waar hy byna deur ’n kanonkoeël van sy eie mense gedood word in die geveg teen die Bakwena-kaptein, Sechele. In hierdie jaar sterf sy vader te Rustenburg.

Toe Paul Kruger in sy dertigste jaar was, het hy in 1854 voor Makapansgrot, in die huidige distrik Potgietersrus, sy beroemde heldedaad verrig deur die lyk van kommandant-generaal Piet Potgieter onder die vuur van die naturelle te red. Die volgende jaar word hy lid van ’n Volksraads kommissie wat ’n Grondwet moes opstel. Paul Kruger begin die aandag trek van ouere manne. Hy speel ’n rol in die beslegting van die twiste tussen die Transvaalse leiers Stephanus Schoeman en M.W. Pretorius. By Renosterrivier, waar Vrystaters en Transvalers mekaar wou skiet oor die kwessie van vereniging van die republieke, was hy die vredemaker.

Kruger word kommandant. In die woelige jaar 1858 neem hy deel aan die veldtog teen Mapela in die Waterberg. Dan vergesel hy weer M.W. Pretorius na die Vrystaat en besoek op Thaba Bosiu die gedugte Moshesh wat dadelik groot ontsag koester vir die befaamde Rustenburgse kommandant. Hy lei in dieselfde jaar ook nog die ekspedisie na die weste teen Mahura in die Hartsrivier gebied en gaan ontmoet in Natal die predikant uit Holland, ds. Dirk Postma.

Op 11 Januarie 1859 was kommandant S. J. P. Kruger een van die 15 ondertekenaars van die brief wat in Pretoria aan die Algemene Kerksvergadering van die Ned. Hervormde Kerk gerig is en waardeur die Vrye Gereformeerde Kerk in Transvaal ontstaan het.

Vanaf 1860 speel die 35-jarige Paul Kruger ’n belangrike rol in die burgeroorlog in Transvaal. Dit was vir hom ’n onaangename periode van sy lewe waaroor hy later nie graag gepraat het nie. Hy het kant gekies teen Stephanus Schoeman. Van 1861 beveg hy Schoeman; hy jaag hom in 1862 met ’n kommando uit Pretoria en beset Potchefstroom. In 1863 word hy kommandant-generaal van die Zuid-Afrikaanse Republiek en lewer hy ten

weste van Pretoria ’n slag teen kmdt. Viljoen van Marico. Vroeg in 1864 eindig die burgeroorlog.

Daarna begin vir die kommandant-generaal bedrywige dae. Hy reis met sy kommando na Wakkerstroom weens die dreigende houding van die Zoeloes op die suid-oosgrens. In die Vrystaat breek oorlog teen Moshesh weereens uit en Kruger gaan met 300 man om die Vrystaters te help. Hy besoek nog dieselfde jaar saam met president Pretorius die Zoutpansberg en verdwyn dan tydelik van die toneel as gevolg van ’n Kar ongeluk wat hom genoodsaak het om nege maande lank met krukke te loop.

Begin 1867 lei hy ’n kommando na Zoutpansberg en die volgende jaar lei hy nogeens ’n belangrike ekspedisie teen Mapela.

Na die bedanking van president Pretorius word ds. Thomas Francois Burgers in 1872 as sy opvolger gekies. Kruger was beslis gekant teen Burgers, veral om sy godsdienstige liberalisme wat tevore in die Kaapkolonie ’n kerklike twis veroorsaak het. Nadat Burgers egter verkies was, was Kruger lojaal teenoor hom. Hy bedank intussen in Mei 1873 as Kommandant-generaal en die pos word terselfdertyd afgeskaf.

Paul Kruger gaan woon teen hierdie tyd as amplose burger op ’n ander plaas, Boekenhoutfontein, ten noordweste van Rustenburg. Hier bou hy vir hom ’n stewige woonhuis wat gedeeltelik nog daar staan. Dit bly sy woonplek tot 1881 toe hy hom permanent in Pretoria vestig.

In 1874 word hy lid van die Uitvoerende Raad. Paul Kruger het openlik in opstand gekom teen die besluit van die liberale T.F. Burgers wat Godsdiensonderrig in skole tydens sy ampstermyn as president verbied het. Kort voor die uitbreek van die rampspoedige Sekoekoeni-oorlog in 1876 word Kruger ernstig siek aan koorssiekte en dit was nog ’n verdere rede waarom hy nie aan die veldtog deelgeneem het nie.

Voor die anneksasie van die Republiek deur Shepstone op 12 April 1877 is Paul Kruger aangewys om Burgers te opponeer as kandidaat vir die presidentskap by die volgende verkiesing. Weens die anneksasie het die verkiesing toe nie plaasgevind nie, maar Kruger is kort voor die anneksasie wel as visepresident gekies.

## VOLKSLEIER NA 1877

Hy word nou spontaan die leier van die versetbeweging teen die anneksasie en besoek 1877 vir die eerste keer Engeland as leier van ’n

deputasie wat ook W. E. Bok en dr. E. J. P. Jorisson ingesluit het. Nadat lord Carnarvon die ”ruwe, forse Boer met die indrukwekkende oë” te woord gestaan en op sy landgoed “Highclere” onthaal het, het die deputasie onverrigte sake uit Engeland vertrek.

Daar was egter geleentheid om ook die Vasteland te besoek voor hulle terugkeer. Die volgende jaar (1878) besoek Paul Kruger saam met W. E. Bok en genl. Joubert weereens Engeland en die Vasteland as lede van die tweede deputasie. By hierdie geleentheid het Kruger dit gewaag om in ’n lugballon oor Parys op te styg en tydens sy verblyf daar het hy ’n ring as geskenk ontvang wat hy daarna altyd gedra het.

Hy neem in 1879-1880 ’n vername aandeel aan die onderhandelings met die Britse owerheid oor vreedsame herstel van die onafhanklikheid van Transvaal. Saam met Jorissen en Joubert besoek hy in Junie 1880 Kaapstad en die Bolandse dorpe tot by Montagu om die Kaaplandse Afrikaners tot verset aan te spoor teen die Britse konfederasie planne waardeur Transvaal se stryd om die herstel van die onafhanklikheid benadeel sou word.

Tot einde 1880 verkeer Paul Kruger in ’n worstelstryd om sy burgers te beteuel om nie met die wapen die onafhanklikheid terug te wen nie, maar by die geskiedkundige Paardekraal byeenkoms van Desember 1880 neem hy deel aan die herstel van die republikeinse regering en word hy lid van die Driemanskap Kruger, Joubert en M. W. Pretorius wat aan die hoof van die regering sou staan.

In die daaropvolgende Eerste Vryheidsoorlog word die Britse magte in verskillende botsings verslaan voordat die beslissende slag van ***Majuba 27 Februarie 1881*** plaasvind. Paul Kruger neem weereens ’n groot aandeel aan die vredesonderhandelings met die Engelse in O’Neil se huisie by Laingsnek wat lei tot die herstel van die selfstandigheid van Transvaal onder Britse soewereiniteit.

## PRESIDENT VAN TRANSVAAL

In Mei 1883 word die 57-jarige Kruger vir die eerste maal gekies as president van Transvaal en hy aanvaar sy amp as ’n man wat nie alleen ryp was in jare nie, maar ryk aan ervaring en kennis van die behoeftes van sy volk.

Een van sy eerste doelstellings was die hersiening van die Pretoria-konvensie waardeur Transvaal in 1881 onder Britse soewereiniteit geplaas is.

Hy vertrek dus in 1883 weereens na Engeland om saam met ds. S. J. du Toit en genl. Nicolaas Smit as deputasie met lord Derby te onderhandel oor die hersiening van die Pretoria-konvensie van 1881. Hierdie Transvaalse deputasie het van die Britse regering in groot mate gekry wat hulle gevra het. Onder andere sou die “Transvaal-staat” nou soos vroeër “Zuid-Afrikaansche Republiek” heet.

Kruger en sy metgeselle het vervolgens die Vasteland besoek waar die besoek gaandeweg ’n segetog geword het, met Kruger as hooffiguur. Nederland, België, Frankryk, Spanje en Portugal is besoek-laasgenoemde i.v.m. die voorneme om ’n Delagoabaai spoor te bou. In Duitsland het Kruger aangesit by ’n keiserlike eetmaal waar hy aan keiser Wilhelm I voorgestel is en met die beroemde Bismark ’n gesprek gevoer het.

Twee jaar na die Europese besoek is eensklaps die ekonomiese toekoms van Transvaal verander deur die goud-ontdekkings aan die Witwatersrand. Hierdie gebeurtenis sou weldra vêrreikende politieke gevolge hê en ’n Uitlander probleem skep wat uiteindelik die oorsaak sou word van die ondergang van die Republiek.

Paul Kruger het hom manmoedig omgord om die snel veranderde omstandighede die hoof te bied. In 1888 is hy herkies as president met 4,483 stemme teenoor Joubert se 834. In 1893 is hy vir ’n derde keer gekies, maar hierdie keer met ’n skrale meerderheid: 7,854 teenoor 7,009 vir Joubert en 81 vir die hoofregter, J. G. Kotze.

Die stryd van Kruger word in die jare negentig al meer ’n verdediging slag teen die Britse insluiting beleid. Die Noorde word vir hom toegemaak; oor Swaziland onderhandel hy jare lank; die Ooskus word teen 1895 heeltemal vir die Republiek gesluit. Net die Delagoabaai spoor bring vir hom ’n mate van bemoediging. Hy draai die laaste bout aan in November 1894 en die spoor word die volgende jaar amptelik in diens gestel.

---

# Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika



Vroeg op Woensdagoggend, 9 Februarie 1859, word opgemerk dat uit verskillende rigtings tentwaens die dorpie Rustenburg binnekom. Van Mooirivier se kant af het hulle oor Olifantsnek gekom, van Pretoria en elders uit oostelike rigting by die Hartebeestpoort deur die Magaliesberg terwyl hulle van Marico se kant al noord van die berg getrek het. Die klein dorpie hier aan die voet van die Magalies, wat andersins stil en rustig is, word nou die ene bedrywigheid. Bekende figure van Transvaal word opgemerk: S. J. P. Kruger, P. J.W. Schutte, St. J. Kruger, Ph. Snyman e.a.

Die meeste van hierdie mense - ook Doppers genoem - het opvallende klere gedra. Die mans dra wye klapbroeke die onderbaadjies is hoog tot by die keel opgeknoop, die baadjies is kort en hulle vilthoede met breë rande op - in hulle voorkoms beslis deftig. Die vrouens, weer, het wye, lang, eenvoudige rokke aan en swart kappies op. Die kinders speel oral rond.

Maar wat eindelik van belang is, is dat hierdie mense saamgekom het omdat die volgende dag, 10 Februarie, belangrike stappe gedoen sal word.

Môre sal hulle vergader om te spreek en te besluit oor hulle geestelike toekoms. Want na jare se wag en werk en hoop het daar eindelik 'n man gekom wat hulle taal praat - die taal van Dordt en Brakel en Smijtegelt en ander "outeurs". Hierdie man is ds. Dirk Postma, wat nou ook onder hulle beweeg. Ja, hulle ken hom al. Want by Buffeldoorns naby Mooirivier het

hulle hom al hoor preek, ook hier op Rustenburg en elders. Die soort verkondiging van die Evangelie waarna hulle jare al verlang het, hoor hulle uit sy mond: regsinnig, ortodoks, volgens die leer van die vaders, Bybels.

## BELANGRIKE VERWIKKELINGS

En dit is 'n stap wat hulle nie sommer lig - wegdoen nie. Jare se onderhandelings, mooi-praat en sterk-praat, het voorafgegaan. Nou hoop hulle om eindelik 'n geestelike tuiste te vind waarin hulle siel hom vry kan uitleef en waarin hulle God kan dien volgens die oortuiginge van hulle hart. Veral na die onlangse gebeurtenis op Pretoria (10 Januarie) het dit duidelik geword dat hulle eenkant toe sal moet staan. Tot die stap voel hulle gedwonge deur hulle gewete en ter wille van hulle geestelike vryheid op die Woord van God gegrond, om Hom ongehinderd te dien.

Ja net nog enkele weke tevore het die eerste stap al plaasgevind. Nadat die Algemene Vergadering van die Hervormde Kerk op Pretoria ds. Postma ondersoek het of hy aan die vereistes van die Grondwet beantwoord - en alles in orde bevind is - is weer oor die Gesange gehandel. En toe is besluit dat "die kerklike inrigting soos dit tans bestaan met sy Evangeliese Gesange, sal bly bestaan en gehandhaaf word." Daar was wel teenstemme, o.a. van br. D.G. Kruger, maar met meerderheidstem is dit so vasgestel. Hiermee kon ds. Postma hom nie verenig nie en duidelik het hy dit ook gestel dat hy hom nou vry ag om sakramente te bedien en ander kerklike handelinge te verrig ooreenkomstig die krag van sy goddelike sending. Hierin het ds. Postma hom derhalwe aan die ordelike weggehou en direk daarna ook deurdat hy hom heeltemal onttrek het en selfs nie eens met diegene wat beswaard gevoel het, gepraat het nie.

Sake het daarna vinnig ontwikkel. Vyftien broeders het besluit dat hulle uit die bestaande Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid-Afrikaanse Republiek gaan onttrek. Op hulle versoek en uit hulle mond het ds. Postma toe 'n verklaring opgestel, waarin hulle onder andere gesê het:

*"... van nu af treden zij uit uwe kerkelijke gemeenschap en wenschen te bestaan als een Vrije Gereformeerde Kerk, onvereenkomstig de leer, tucht en dienst der vaderen, zooals die zich te Dordtrecht, in de jaren 1618 en 1619 hebben geopenbaard..."*

Die uittrede het in ’n goeie gesindheid geskied, soos ook dááruit blyk dat hulle die begeerte uitspreek dat die broederliefde sal bly. Hierdie verklaring het hulle self aan die Algemene Kerkvergadering voorgedra. Daarna het hulle besluit om ’n byeenkoms op Rustenburg te hou op 10 Februarie 1859, sodat almal wat met hulle saamvoel ook daar teenwoordig kon wees. Hulle het ds. Postma ook versoek om hulle te hulp te kom en tog nie die land te verlaat nie.

In Rustenburg was daar een kerkgebou, eiendom van die Hervormde Kerk, waarin ds. Postma voorheen dienste gehou het. Reeds op Pretoria is die versoek tot ds. Van der Hoff gerig om hierdie kerk op 10 Februarie te mag gebruik. Hierop het ds. Van der Hoff skriftelik geantwoord dat dit in orde is, maar dan alleen na 12-uur die oggend, omdat hy self met die kerkraad en gemeentelede dit tot daardie uur nodig sal hê. Reeds op hierdie Woensdag, 9 Februarie, was daar al baie waens in die dorp en vir die mense wat saamgekom het, hou ds. Postma aandgodsdiens. Dit was ’n mooi gesig om al die waens so bymekaar te sien. ’n Aangename gees heers onder die mense, wat met groot blydskap en goeie hoop saamgekom het. Vroeg die volgende oggend (Donderdag) is ds. Postma al op en by die waens word daar ook reeds geroer. Met dankbaarheid bemerk hulle dat die lug nog bewolk is, sodat dit seker nie so warm sal wees nie. Februariemaand, in die hartjie van die somer, is gewoonlik maar drukkend warm hier in Rustenburg, noord van die Magaliesberge. Gelukkig dat daar ook kort-kort reënbuie uitgesak het, want dit bring verdere verkoeling. Jare daarna nog het die mense gepraat van die besondere beskikking van God dat dit in daardie dae bewolk was. Met groot aandoening en innige dankbaarheid is telkens weer gespreek van die wonderbare beskikking van God se ontfermende Voorsienigheid. Daaroor het ds. Postma self opgemerk (vertaal): *“God kan en wil, as Sy werk dit nodig het, nog ’n wolkkolom skep.”* Want dit was opvallend dat die lug betrokke was gedurende die dae van die samekoms. Hoewel dit soms ook gereën het, is die verrigtings tog nie verhinder nie. Al die uitwendige omstandighede in die natuur het dus saamgewerk om sake met welslae te laat verloop - telkens het God soveel tyd gegee as wat vir die werk nodig was.

## <u>ONDER DIE SERINGBOME</u>

Vanaf agtuur die oggend is ds. Postma besig om stukke oor kerklike sake voor te lees aan broeders wat vir die doel saamgekom het, om op hierdie wyse voorbereidings te tref vir die stigting van die Kerk. Al die tyd verkeer hulle onder die indruk dat hulle nog na twaalfuur die kerkgebou mag gebruik. Kort voor daardie uur ontvang hulle egter berig van ds. Van der Hoff dat hulle nie meer die kerk mag gebruik nie. Dit het stellig 'n bietjie verwarring en ontstemming geskep, juis ook omdat die vergunning so op kort kennisgewing ingetrek is. Gou moet daar dus ander planne gemaak word. Daar word besluit om waens onder die bome voor 'n sekere huis saam te trek. (Uitdruklik spreek ds. Postma in sy Joernaal van "bome" en sy seun sê in 1905 dat een van die bome nog daar staan. Om dus net van een seringboom te praat, is nie heeltemal reg nie. So baie mense kon ook nie onder een seringboom saamkom nie.)

Die waens is saamgetrek en 'n klein tentjie word ook opgeslaan - dis vir die ou mense en die tafeltjie waarop ds. Postma sy papiere het. 'n Groot skare mense is daar bymekaar, selfs 'n paar lede van die Uitvoerende Raad van die Republiek en die staatsprokureur, die heer Proes. Die samekoms word geopen met die sing van Ps. 119:17. Ons hoor hulle sing:

***Leer mij, o Heer, den weg door U bepaald***
***Dan zal ik dien ten einde toe bewaren.***
***Geef mij verstand, met godlijk licht bestraald;***
***Dan zal mijn oog op uwe wetten staren;***
***Dan houd' ik die, hoe licht mijn ziel ook dwaalt;***
***Dan zal zich 't hart met mijne daden paren.***

Met instemming van die hart sing almal saam. Dan lees ds. Postma Jesaja 62: " Om Zions wil zal ik niet zwijgen en om Jeruzalems wil zal ik niet stil zijn (vs. 1)..... Tot u zal niet meer gezegd worden: De verlatene (vs. 4) ....

Ziet de Heere heeft doen hooren, tot aan het einde der aarde; zegt der dochter van Zion: zie, uw Heil komt; zie Zijn loon is met Hem,...."(vs. 11).

Na die plegtige opening lees ds. Postma aan die vergaderdes voor alles wat op die saak betrekking het, ook die derdes voor alles wat op die saak betrekking het, ook die gewysigde Kerkorde. Verder skilder hy vir hulle al

die swarighede wat hulle sou teëkom as hulle vrymoediglik vir hulle geloof uitkom. Die erns van die hele saak word baie duidelik aan die mense voorgehou en elkeen moet weet dat hy voor God verantwoording moet kan doen en indien iemand nog meer opheldering verlang, kan dit versterk word. Hy wat nie bereid is om ook op hierdie weg agter die Here te gaan, Sy kruis gewillig op te neem en vrolik agter Hom aan te dra nie, moet liewer agterbly. Indien iemand nou kom en later berou kry, dan sal hy sonder enige verpligting net so weer gaan. Duidelik is ook deur ds.. Postma gestel: *"Ik zocht geen menschen maar menschen te behouden door het geloof in Christus."*

Hierna is afgesluit met die sing van Ps. 68:10 'n verklanking van die hartetaal van hierdie mense wat teruggryp na die ou goud van Dordt, waar ook duidelik die vrymagtige uitverkiesing van God bely is:

***Geloofd zij God met diepst ontsag!***
***Hij overlaad ons, dag aan dag,***
***Met Zijne gunstbewijzen.***
***Die God is onze zaligheid;***
***Wie zou die hoogste Majesteit***
***Dan niet met eerbied prijzen?***
***Die God is ons een God van heil;***
***Hij schenkt, uit goedheid zonder peil,***
***Ons 't eeuwig zalig leven;***
***Hij kan en wil en zal in nood,***
***Zelfs bij het naad'ren van den dood,***
***Volkomen uitkomst geven.***

Na die vers gesing is, word met dankgebed afgesluit.

## TOESTROMING VAN LIDMATE

Op daardie dag tree meer as 300 lidmate toe tot die Kerk.

Baie bekende name wat vandag nog aangetref word, selfs met bekende voorletters, word gevind onder diegene wat hulle vrywilliglik aanmeld. Ons lees 'n paar daarvan : Du Plessis (A.J.S., P.J., P.G.W., S.J., J.H., J.A.); De Bruin(P.F., F.R.P.); Venter (P.A., J.H.); Kruger (S.J., L.S., T.J., S.J.P., D.G.); Van der Walt ( P.J., H.J., T.A.); Erasmus (C.M., D.J., J.C.); Robbertse (D.J., J.J., J.F.); Snyman (J.P., J.J., S.J.). Ook nog Du Preez, Malan, Dreyer, Du Toit, Eloff, Riekert, Roets, Pelser, Van der Linde, Grobler, Janse van Vuuren, Van der Merwe, Minnaar, Ysel, Steyn. Met die uitbreiding van die Kerk na die Vrystaat en Noord-Kaapland later tref ons aan veral die vanne: Van der Walt, Kruger, Venter en Coetzee. Teen Junie-maand van 1859 is daar oral rond al meer as 2,000 wat aangesluit het 'n duidelike aanduiding dat wat op Rustenburg gebeur het, die vervulling van vele se wense was.

Hoewel ds. Postma daardie Donderdagaand moeg is van die lang verrigtings, waarby hy onder die blote hemel voor so 'n groot skare moes praat, ontvang hy nog 'n besoek van president M.W. Pretorius en ander hoogwaardigheids bekleders. Hulle was ook in daardie dae in die dorp. Die gesprek geskied in minsame gees maar is tog ook ernstig.

Die oggend van 11 Februarie breek aan. Omstandighede van die vorige dag bly dieselfde 'n skare saamgetrek onder die klompie seringbome, die lug nog steeds bewolk, eenkant 'n tentjie waar die ou mense sit en ds. Postma staan. Vandag se verrigtinge begin met die sing van Ps. 68:11, 'n ernstige vers wat aansluit by 'n ernstige geleentheid, meteen 'n belydenis:

**Gewis, hoe hoog de nood mag gaan,**
**God zal Zijns vijands kop verslaan;**
**Dien haar'gen schedel vellen;**
**Die trotsch, wat heilig is, onteert,**
**En, daar hij schuld met schuld vermeêrt,**
**Zich tegen Hem durft stellen.**
**De Heer heeft zelf ons toegezeid;**
**"'k Zal u, door macht en wijs beleid,**
**Uit Bazan weer doen komen**
**U zullen, als op Mozes' beê,**

**Wanneer UW pad loopt door de zee,**

**Geen golven overstroomen.**

Na die gesamentlike sang word 'n gebed gedoen en dan lees ds. Postma uit die Skrif 2 Kor. 4 voor. Daarin lees ons: "want wij prediken niet onszelven, maar Christus Jezus, den Heere; en onszelven, dat wij uwe dienaars zijn om Jezus' wil" (vs. 5). Daarmee stel ds. Postma meteen hoe hy voor hulle staan. Sou die gelowiges nie in vs. 8 en 9 'n tekening van hulle eie toestand gesien het nie: "als die in alles verdrukt worden, doch niet benauwd; twijfelmoedig, doch niet mismoedig; vervolgd, doch niet daarin verlaten; nedergeworpen, doch niet verdorven?" en vers 14 is stellig die geloofstaal van prediker en hoorders saam: "Wetende, dat Hij, die Heere Jezus Christus opgewekt heeft, ook door Jezus Christus sal opwekken en met u lieden daar zal stellen."

## DS. POSTMA BLY IN RUSTENBURG

'n Plegtige aanspraak volg daarna deur ds. Postma, terwyl hy sy oë na die hemel ophef en sy linkerhand op die Bybel op die tafel laat rus (ons vertaal):

*"Geliefde broeders en susters in die Here, na wie ek ook verlang.*

*Genade, barmhartigheid en vrede word u ryklik vermenigvuldig van God die Vader in onse Here Jesus Christus, deur die Heilige Gees.*

*Geliefdes, die woorde van Paulus in Romeine 1 : 8 - 17 maak ek ten dele my eie. Ek mag hierby sê dat ek my bo hom verwerdig ag daarin dat ek nie meer na julle uit die vêrte hoef te verlang nie, maar reeds onder julle staan en julle sien. Wat nog meer is, ek is alreeds onder julle menigmale verkwik en versterk deur ons gemeenskaplike geloof. En, iets wat nog baie meer sê: ek verklaar vandag plegtig dat ek onder julle opneem die bediening van herder en leraar in die Naam en Krag van die Here.*

*Vandaar die verlange van my kant om ook aan julle wat inwoners van hierdie Republiek is, die evangelie van die koninkryk van God te verkondig, sodat ek julle ook een of ander geestelike genadegawe kan meedeel, sodat julle versterk en opgebou, ja, uitgebrei word. En dit is ons onderlinge troos, blydskap en vreugde.*

*O, Vader, u koninkryk kom in die Naam van u Seun, onse Here, deur die Heilige Gees. Amen.”*

Hierna het die spreker, ds. Postma, vervolg:

*“Ek verklaar dan ook nou dat ek vir die beroep na Winburg bedank en vir eers nie daaraan dink om na Nederland terug te keer nie.*

*En, geliefdes, soos ons dikwels deur God as blindes gelei word op wee wat ons nie weet en paaie wat ons nie ken nie, so het die Here hierin weer getoon dat sy wee oneindig bo ons s’n verhewe is. Wie kon nog kort gelede gedink het dat ek vandag onder julle die herderstaf sou opneem? Ja, wie het by my aankoms kon dink dat ek onder julle hierdie kerklike organisasie sou moes stig? Hierdie werk is van die Here en is wonderlik in ons oë.*

*En nou, seergeliefde brs. en srs. in die Here tot hiertoe het die Here ons gehelp en laat ons vertroue wees op die Here onse God, wat hemel en aarde gemaak het.*

*Ek hoop om na julle behoeftes en in julle swakheid met ’n vaderlike gemoed te dien. Verdra my ook in my swakheid en bid baie vir my. Probeer vêrder om soveel moontlik die swarighede, wat my kon neerdruk terwyl ek onder julle is, te help verlig. Ek reken dan ook op julle liefde vir my en my dierbares. En geen ander voorwaarde durf ek vandag van julle eis nie, vertrouende op u welwillendheid en dat die Here sal voorsien.*

*Laat ons saam dankend en biddend sing Ps. 118:11 en 12:*

**De steen, die door de tempelbouwers**
**Veracht’lijk was een plaats ontzegd,**
**Is, tot verbazing der beschouwers,**
**Van God ten hoofd des hoeks gelegd.**
**Dit werk is door Gods alvermogen,**
**Door’s Heeren hand alleen geschiedt;**
**Het, is een wonder in onz’ oogen;**
**Wij zien het, maar doorgronden ’t niet.**

**Dit is de daf, de roem der dagen,**

**Dien Isrels God geheiligd heeft;**

**Laat ons verheugd, van zorg ontslagen,**

**Hem roemen, die ons blijdschap geeft.**

**Och Heer, geef thans Uw zegeningen;**

**Och Heer, geef heil op dezen dag;**

**Och, dat men op deez' eertelingen**

**Een rijken oogst van voorspoed zag.**

*Die harte sing juigend saam, want hierdie mense is met hulle hele wese dankbaar-verblyd dat die Here hulle hierdie dag laat beleef het en vir die toekoms het hulle beslis skone verwagtings.*

*Maar ds. Postma is nog nie klaar nie. Hy vervolg:*

*"Geliefdes, waar ek met my koms na julle dikwels saam met baie Christene vir julle die knieë gebuig het, selfs met meer as 150 persone op een slag, waaronder dikwels verskeie leraars, ouderlinge en diakens en dit sowel in Afrika as in Nederland, voel ek my gedronge om te versoek dat julle hierdie keer ook met my sal neerval om die Naam van die Here aan te roep met 'n ootmoedige smeekgebed, sodat ons hierin die voorbeeld van profete en apostels by sulke geleenthede volg:"*

Ernstig en pleitend word saam gebid.

Daarna word weer gesing: Ps. 68 :14:

**Uw God, o Isrel, heeft de kracht**

**Door Zijn bevel u toegebracht,**

**O God, schraag dat vermogen;**

**Versterk hetgeen Gij hebt gewrocht,**

**En laat Uw hulp, door ons verzocht,**

**Uw volk voortaan verhoogen.**

**Dan passen, Uwen naam ter eer,**

**Om Uwes tempels wil o Heer,**

**De vorsten op Uw wenken;**
**Zij zullen U van alle kant,**
**Zelfs uit het allerverste land,**
**Vereeren met geschenken.**

Die diep manstemme dra die sang, terwyl die vrouestemme en kindermonde die lof hoër laat opstyg. En die lied golf weg in die buitelug onder die bome.

Almal staan dan en weer word gesing:

**Dat's Heeren Zegen op u daal.**
**Zijn gunst uit Zion u bestraal;**
**Hij schiep 'n heelal, zijn Naam ter eer;**
**Looft, looft dan aller heeren Heer!!**

Daarna word die seën oor die gemeente uitgespreek.

## GROOT BLYDSKAP

Opgewonde maar met 'n stemmige vreugde, word daar onder mekaar gesels. God het gesorg. Die Here het ons 'n man volgens ons wense en op ons gebede gestuur. En nou bly hy onder ons. Hy sal nie Winburg toe gaan nie. Hoe bly sal ook die ander wees wat vandag nie saam hier kon vergader nie. 'n Eie Gereformeerde Kerk volgens die verlange van baie jare, sonder drukkende las op die gewete. Weer in lyn met die vaders. Dis wel 'n daad van hervorming. Die meeste van hierdie mense is wel eenvoudig maar met 'n diep liefde vir die Bybel en hulle Kerk en beslis het van hulle gesê: *"Al is hulle nie die brein nie, sal hulle in groot mate word die ruggraat van die nuwe nasie in wording in Suid-Afrika. Hulle mag miskien growwe soutkorrels wees, maar sout, wat bederf keer, is hulle beslis"*. Daarom weet ons dat hulle hele samesyn en al hulle gesprekke die dag gekenmerk

word deur 'n innige dankbaarheid en diep vreugde. Alles wat gelees, gesing, gebid en gesê is, is inderdaad verklanking van hulle eie gevoelens.

Daar is, voor die mense uiteengaan, ook nog kerkraadslede verkies. Die keuse val op manne wat lank reeds op kerklike en ander gebiede leiding gegee het in die Rustenburgse wêreld. As ouderlinge word verkies: brs. Ph Snyman, (een van die twee wat ds. Postma in Natal gaan haal het), P. Venter, S.T. Kruger (later skoonvader van ds. Postma) en F.R. Robbertse. Die keuse vir diakens is: brs. D. van Wyk, D. Kruger, J. Bekker en H. Stroh (wat ook as skriba aangewys word).

Die middag kom almal weer saam. Opmerklik is dat ds. Postma nie in die amp bevestig word nie maar direk sy intreepreek lewer. Die teks van die preek is 2 Kor. 3:5,6:

"Niet dat wij van onszelven bekwaamheid is uit God; Die ons bekwaam gemaakt heeft om te zijn dienaars des Nieuwen Testaments, niet der letter, maar des Geestes; want de letter doodt, maar de geest maakt levend."

Aandagtig word daar geluister na prediking wat die verhongerde harte voed, want dit spreek dieselfde taal as hulle bekende outeurs; die water van die lewe word gretig deur die dorstiges gedrink. Daarna word die verkose kerkraadslede bevestig en die stigting van die Kerk, die herstigting van die Gereformeerde Kerk, het werklikheid geword. Groot tevredenheid heers in die nuwe gemeente op hierdie Vrydagaand, na 'n dag wat so ryk was aan belewenisse waarvan nog lank gepraat sal word. Dit was 'n voorreg om daar te wees en 'n gebeurtenis wat altyd in die herinnering sal bly voortleef.

Die Saterdag daarop word voorbereidingsdiens gehou en terselfdertyd doen 24 jongmense openbare belydenis van geloof. Met Nagmaal die Sondag preek ds. Postma oor Jesaja 55:1: "O alle gij dorstigen! Komt, koopt en eet, ja komt, koopt zonder geld, en zonder prijs, wijn en melk!" – heerlike taal van die vrymagtige genade van God in Christus Jesus.

By die danksegging die middag bied 'n preek oor Romeine 12:1 leiding vir die toekoms: "Ik bid u dan, broeders! Door de ontfermingen Gods, dat gij uwe lichamen stelt tot eene levende, heilige en Gode welbehagelijke offerande, welke is uw redelike godsdienst". 'n Dankbare, verloste volk moet met hulle hele lewe hulle toewy aan die Here. Ook word daar 41 kinders gedoop – van sommige ouers 4 tot 5 kinders tegelyk, party van wie

al 15 jaar oud is, aangesien die ouers nie tevore die vrymoedigheid gehad het om dit in die kring van die Hervormde Kerk te laat doen nie.

## GETUIENIS DEUR KERKRAAD

Maandag 14 Februarie, word kerkraad vergadering gehou. 'n Hele paar erwe is aan die Kerk aangebied, sodat 'n kerk en pastorie gebou kan word. Daar is besluit om dadelik te begin met die bou van 'n kerk en 'n soort "Hartebeeshuis", gebou van pale-en-riet, het spoedig verrys op die erf wat deur die heer W. Robinson (nie 'n lidmaat nie) geskenk is. Baie belangrik egter was die Openlike Verklaring wat die kerkraad vasgestel het en wat uitgereik is. Daarin word uitdrukking gegee aan hulle geloof en godsdienstige getuienis en dele daarvan lui (vertaal):

*"Die Gereformeerde Kerk in die Z.A.R. erken die Belydenis van geloof van die Gereformeerde Kerke in Nederland, die Kategismus en die Leerreëls van die Sinode van Dordrecht, gehou in die jare 1618 en 1619, as die volledige uitdrukking van sy geloof.*

As Algemene Vergadering van die Kerk betuig ons graag dat ons van harte gevoel en glo dat al die artikels en stukke van die leer, soos vervat in die gemelde drie Formuliere van Eenheid, in alles met die Woord van God ooreenstem en daarom verwerp ons elke lêer wat daarteen stry en wens ons om al ons handelinge daarmee in ooreenstemming te bring, volgens die onder ons aangenome Kerkorde, ingerig volgens dié van Dordrecht in 1618 en 1619 ; ons wens elkeen in ons kerkgemeenskap op te neem wat met hierdie Belydenis saamstem.

Mag die Koning van die Kerk hierdie geloof in baie harte werk en vermeerder en mag hulle wat 'n ewe dierbare geloof met ons verkry het, die genade wat aan hulle bewys is, betoon in gemeenskapsbeoefening, tot verheerliking van Hom wat gebid het dat almal wat aan Hom behoort, één mag wees".

## VERSOEKE OM HULP VAN ELDERS

Uit verskillende oorde, o.a. van br. J.J. Venter uit die Vrystaat, het versoeke gekom dat ds. Postma ook daarheen moet kom sodat hulle ook 'n kerk kan hê waarin hulle die Here volgens sy Woord kan dien. Tog is

besluit dat ds. Postma vir eers in die Transvaal sal rondreis om sake te bekyk en te organiseer. Daarvoor sal sy uitgangspunt dan die dorp Rustenburg wees. Later het hy tog na die Vrystaat en Kaap-kolonie gegaan, waar toe ook gemeentes gestig is, o.a. Reddersburg en Burgersdorp.

In alles het dit gegaan om 'n kerk volgens die Woord van God, wat sal lewe en wees soos wat die ou Gereformeerde vaders gevoel het dat dit behoort te wees. Daar was beslis diepgewortelde godsdienstige oortuigings in die spel en nie, maar net menslike foutvindery of verlange om "anders" te wees nie. Steeds is die oog op God gehou, met die besef dat Hy alleen deur Sy genade en seën die swak-menslike en gebrekkige pogings tot Sy eer kan laat gedy. Mooi vind ons hierdie hele gesindheid verklank in die woorde van ds. Postma toe hy die dorp Rustenburg vir die eerste keer gesien het (vertaal): *"Net toe ek Rustenburg sien, het ek innerlik bewoë geword en gesê: Daar sien ek eindelik Rustenburg. Maar die gelowige wandelaar het die hier ook nie nodig nie, want hy kan deur Christus, wat hom krag gee, loop sonder om moeg te word en wandel sonder om mat te word. Immers, ook ek is nog nie moeg nie – ook soek ek hier geen rustenburg; my rustenburg is bo en lê verhewe bo alle moeite, sonde en trane..."*

Geen mensewerk dus, maar werk van God, genade werk van God, op Hom alleen gerig.

**"Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge.**

**Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen."**

(Romeine 11 vers 36.)

D. KEMPFF.

---

# KALENDER.

Geskiedenis:

- **11 Februarie 1859** – Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika herstig.



- **16 Februarie 1497** – Phillippus Melanchton gebore te Bretten en sterf te Wittenberg, Duitsland 19 April 1560.




**Psalm 37:11**


***"Die ootmoediges daarenteen sal die aarde besit en hulle verlustig oor groot vrede."***

'n Duitse medewerker van Maartin Luther, invloedryke ontwerper van die onderwysstelsel en intellektuele leier van die Protestantse Hervorming.

- **<u>27 Februarie 1881</u>** – <u>Die slag van Majuba</u>



# TOESPRAAK VAN VISE-PRESIDENT S. J. P. KRUGER TE PAARDEKRAAL OP 13 DESEMBER 1881.




(Nadat Vise-President S. J. P. Kruger Psalm 95 vers 1 laat sing het, het hy gespreek:)

My broeders luister met aandag. Ons het hier gekom om fees te vier en u weet dit dat ons en u doel niks anders is as om ons meer en meer die wil van die Here te laat verstaan en om ons op sy leiding te wys, sodat die ouers aan hulle kinders en kindskinders tot in die vêrste nageslag kan vertel wat God aan ons gedoen het. U weet dat ons land vir meer as vier jaar van ons ontneem is om ons afwykinge miskien; maar u weet dit ook, God kasty wie hy lief het. U weet dit ook hoe ons verlede jaar op hierdie selfde plek in vrees en benoudheid byeen vergader was, nie wetende wat die toekoms sou baar nie. Hoe is ons in so 'n druk gebring? Dit was as gevolg van ons sonde en ek wil dit sê, al is ook geheel die beskaafde wêreld teen my, dit is omdat die Bybel uit die skool geneem is. Die Here het aan sy dierbare gesê: "Laat my lammers wei." maar hier word gesê dat die staat dit moet doen. Toe ons vryheid ons ontneem is, het ons besluit om vir ons reg te protesteer en eers alle middels uit te put voordat bloed te laat vloei. Eindelik kon dit nie en 'n jaar gelede het ons hier byeengekom om te besluit wat om te doen. En let nou op hoe die Here ons in alles gelei het sodat ons vandag op hierdie plek kan staan om Hom te dank vir die verlossing wat aan ons geskenk is. Dit is waar, daar was voormanne; maar God het hulle alleen gebruik as middels in sy hand om sy werk uit te voer. Tans is ons op hierdie plek rustig byeen, u met u eggenote en kinders, om God te dank en fees te vier oor die oorwinning wat aan ons geskenk is. Ja, ook u eggenote en kinders verbly hulle met reg, want ek het hulle menigmaal op die knieë gesien die Here biddende vir eggenote, vaders of broers, aan wie hulle toegeroep het: "Gaan op en stry vir ons land en ons vryheid." Ja baie het op die slagveld gebly; maar die bloed wat aldaar gestort is, is dierbaar in die oog van die Here. En nou is ons byeen om die Here te dank vir sy weldade aan ons bewys. Laat ons tog nie meer van die Here afwyk nie, want hierdie klippe wat hier deur ons opgehoop is, sal teen ons getuig as ons Hom weer verlaat. Ons het hier gekom om fees te vier en dit is so, alles wat in die diens van die wêreld gebruik kan word, kan ook gebruik word om die Here te dien. Ek weet daar is 'n spreekwoord wat sê: 'n mens soek niemand agter die deur of mens moet self daar gestaan het; maar of ek daar gestaan het of nie, moet my gewete sê. Ek moet versoek dat hier geen dobbelary of iets van die aard by die vermaaklikhede sal plaasvind nie, want dan sal die klippe teen ons getuig. Ek weet dat die mens sê: alles op sy tyd; maar vir die Christen is wat vandag kwaad is, môre ook kwaad. Ek kan nie sien dat een en dieselfde ding vandag kwaad en môre goed kan wees nie. Die Here het ons tot

hiertoe gelei. Laat ons dus in ons lewe wat volg aan Hom getrou bly en Hom dien. Laat dit geskied tot beskawing van die goddelose en van die huigelaars.
’n Leraar van die Engelse het na die vrede aan my gevra hoe die heer Joubert en ek sonder spoorweg en telegraaf alles reggekry het. My antwoord was: as Joubert en ek dit moes gedoen het, dan was ons verlore; maar my Generaal, die Here Jesus, het vir ons gestry. God het aan ons sy hulp betoon en ook by ander volke vir ons simpatie verwek. Aanstons sal u hoor hoe die simpatie vir ons in die buiteland was. Nou is daar ’n plan om die drie kerke te verenig; maar as ek daaroor praat, dan beef ek bykans. By die poging tot vereniging moet geen dwang wees want dan word ons pous en tree in die plek van Jesus. Laat ons in hierdie saak arbei met die gees van sagmoedigheid en met liefde wat vir die Here werk. Op die wyse sal die Here weer sy verspreide kudde herenig.

---

# Blokkiesraaisel 2.



Vul al die antwoorde in. As jy die blokraaisel voltooi het, skommel die letters in die gekleurde blokkies, en kyk watter woord kry jy.

## Vraelys:

**Af:**

1. "en die stortreën was op die aarde ... dae en ... nagte lank".
2. Wat was die naam van Abram se broerskind wat saam met hom getrek het?
4. Voor Abram Egipte binne trek sê hy aan sy vrou: "Sê tog jy is my ..."
5. Die seuns van Noag was Sem, Gam en ...
6. Die kleinseun van Gam wat 'n 'geweldige jagter' genoem was.
9. Wie is beveel om die ark te bou?

**Dwars:**

3. Wat is die teken wat die HERE gegee het dat Hy nie weer so vloed oor die aarde sal bring nie?
4. Die vrou van Abram.
7. Watter soort voël het Noag eerste uit die ark laat vlieg?
8. "Maar Noag het ... gevind in die oë van die HERE."
10. Noag bou die ark van ...hout.

# Bybel Geskiedenis

## Lees Gen. 6 – 12 en beantwoord die vrae.

Vrae:

Noag bou die ark:

1. Hoeveel seuns het Noag gehad?
2. Waarom het die HERE berou gehad dat HY die mens gemaak het?
3. Waarvan moes Noag die ark bou?
4. Hoeveel verdiepings het die ark gehad?
5. Wie het saam met Noag in die ark gegaan?
6. Hoe is die ark toegesluit?

Die sondvloed:

1. Hoe oud was Noag met die sondvloed?
2. "op dieselfde dag, is al die ... van die groot watervloed oopgebreek, en die ... van die hemel geopen;"
3. Op watter berg het die ark gerus?
4. Hoe het die HERE die water laat wegdroog?
5. Wat het die duif in sy bek vir noag gebring?
6. Wat het Noag eerste gedoen nadat hy uit die ark gegaan het?
7. Wat beteken die reënboog?
8. Hoe oud was Noag toe hy sterf?

Die toring van Babel:

1. Waar wou die mense die toring bou?
2. Hoe hoog wou hulle hierdie toring bou?
3. Waarmee het hulle die toring gebou?
4. Waarom het hulle dit toe Babel genoem?

Abram:

1. Waarvandaan moes Abram wegtrek?
2. Waarheen het hulle getrek?
3. Waarom het Abram toe na Egipte gegaan?
4. Wat word die koning van Egipte genoem?

# GEMEENTE NUUS.

## Verjaarsdae:

- 4 Februarie – Izak Momberg.

---

- Sterkte aan oom Willie Botha met die herstel van sy skouer operasie.
- Geluk aan Sakkie en Linda Earle met die nuweling.
- **Belydenis van geloof aflegging: (19 Januarie 2025)**
  Willie, Christo en Magdha van der Grijp.




- **Doop: (19 Januarie 2025)**
  Magdha van der Grijp.

